

# VERASSING – 'n opsie vir die Christen?

Daar is tans baie Christene wat dink dat verassing en begrafnis maar dieselfde is, dat jy maar ewe goed een van die twee kan kies. Dit is egter 'n vraag wat elke mens vir homself moet uitmaak: Mag ek in my testament sê dat ek veras wil word of mag ek my geliefde laat veras?



## **Redes waarom mense hulleself laat veras**

Die Christendom het nie 'n tradisie van verassing nie. Tog is daar baie Christene wat dit doen. Hulle redes verskil. Hier is 'n paar gewilde redes:

- Baie voel dat hulle liggame so ingee as gevolg van siektes, soos byvoorbeeld kanker, dat hulle die lelike letsels daarvan op hulle liggame wil wegbrand.
- Baie het gehoor die Bybel sê daar is wurms wat jou vreet, en ons weet self hoe die liggaam in die grond ontbind, en dit is afskuwelik om daaraan te dink.
- Baie doen dit uit finansiële oorwegings omdat verassing goedkoper sou wees.
- Baie doen dit ondeurdag en het nog nooit gedink of dit reg of verkeerd is nie.
- Baie naasbestaendes hou van die idee om die mense se as op 'n plek te gaan strooi wat vir die een wat gesterf het van belang was.
- Baie mense dink dit sou aan-dui wat hulle as die lewe be-skou naamlik: "Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer" (Gen 3:19).
- Baie dink begraaftplase het te gevaarlik geword, en dat dit veiliger is om by 'n kerker-rein of monument (soos bv. Die Voortrekkermonument), 'n gedenkmuur te hê, waar jy in stilte aan jou dooie geliefde kan hulde bring, wanneer jy na hulle verlang.

## **Geskiedenis**

By baie ou heidense volke kom die gebruik van lykverbranding voor:

- Die ou Germane het geglo dat demone nie na 'n verbrande mens se huis sou terugkeer nie.
- In die Ooste word lykverbranding gesien as 'n deurgang na 'n ander staat van lewe. Vuur, lug en grond word be-skou as die basiese elemente van die lewe waarnatoe terug-gekeer word.
- In die Romeinse ryk kon slegs die ryk Romeine hulleself laat verbrand omdat die koste daaraan verbode hoog was. Selfmoordenaars en babas is nie verbrand nie, aangesien dit die gode ongunstig sou stem.
- By die Grieke, veral volgens die leer van Plato, 'n geleerde filosoof, is die liggaam as iets minderwaardigs beskou. Die liggaam is gesien as 'n tronk van die siel, die liggaam kan maar heeltemal verbrand word, aangesien die eintlike doel van die mens die soge-naamde onsterflike siel is.
- In die Middeleeue het die Rooms Katolieke Kerk verbranding gereserveer vir die verbranding van hekse, kettters en sekere protestante wat hulle as afvalliges beskou het.
- Na die Franse rewolusie kom dit algemeen voor.

Nie net die Christene nie, maar elke mens op aarde moet kennis neem van wat God self hieroor sê. Die Bybel is die Woord van God.

Geen mens mag namens God praat nie. Hy praat vir Homself. Dit kom geen mens toe om oor die saak van lykverbranding self te besluit of dit reg of verkeerd is nie. God gee die uitspraak. Elke mens moet voor God se Woord buig. Wie gehoorsaam is, sal God se seëning ontvang, wie ongehoorsaam is, sy wraak.

### **Wat sê God in sy Woord?**

God stel Homself bekend, Hy openbaar Homself as Liefde en ook as 'n verterende vuur. Waar God se liefde afgewys word, tree God in woede en wraak op. Hy laat sy wraak deur sy gesante,

sy dienaars bedien. Wraak en vergelding kom alleen God toe. Alhoewel God baie geduldig is met sondaars, vergeld Hy hulle hul sonde as hulle onbekeerd bly.

“Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.” (Rom 12:19).

“My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet wankel...” (Deut 32:35).

“En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra...” (Rom 9:22).

In samevatting:

- Die wraak op die sonde kom die Here alleen toe.
- Hy bedien sy woede deur vuur. Ook aan mense se liggame.
- Daarvoor gebruik die Heilige Skrif die beeld van vuur.

### **Brandoffers**

Vuur en brand as teken in die Skrif van die bediening van God se wraak: “Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om van te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word – hulle liggame word buitekant die laer verbrand.” (Heb 13:10-11).

In die Ou Testament is die offerdiere wat vir die sonde geoffer is, in afwagting van die koms van die mens, buite verbrand as teken van God se kwaadheid oor die sonde van die mens. By die brandoffer, waar die kerk van die Ou Testament diere moes verbrand vir hulle sonde en skuld voor God, moes die diere se karkasse heeltemal verbrand word. Die altaarvuur moes deeglik brand sodat daar niks mag oorbly nie.

### **Sodom en Gomorra**

Waar vandag die Dooie See is in die moderne Israel, is waar die twee stede Sodom en Gomorra was. God se toorn oor die sonde van die twee stede was so groot dat God vuur en swael uit die hemel laat reën het, sodat daar vandag nog niks daar kan groei nie: “Verder het die HERE gesê: Die geroep van Sodom en Gomorra is waarlik groot, en hulle sonde waarlik baie swaar ... En die HERE het swael en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel.”

(Gen 19:20 en 24).

### **Hel**

Die woord “hel” het ook te doen met vuur en verbranding. Dit kom van die Hebreeuse woord “Gehanna” (“Hades” in Grieks), waar die brandende, smeulende stinkende ashoop buite Jerusalem mee beskryf is. Daar is die vullis, maar ook die karkasse van diere en die lyke van

moordenaars verbrand. Dit is 'n vuur wat gedurig brandend was. Die beeld is gebruik om God se woede aan te dui waar Hy iemand in die hel met sy haat brand vanweë die sonde: "En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." (Openb 20:14-15).

### **Korag, Datan en Abiram**

Die Here was so kwaad vir die drie manne wat saam met die 250 ander mans die Ou Testamentiese kerk Israel verlei het om onheilig voor God op te tree, dat die Here hulle deur die aarde laat insluk het en die 250 met vuur doodgemaak het: "Toe het 'n vuur van die HERE uitgegaan en die twee-honderd-en-vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het." (Num 16:35).

### **Hoerery en bloedskanie**

Die Here het sy priesters in die Ou Testament beveel om heilig te lewe, hulle en hulle hele huis. Die priesters moes heilig lewe omdat hulle die offers bedien wat na Jesus Christus se koms heenwys. So moes 'n dogter van 'n priester wat seks buite die huwelik het, lewendig verbrand word: "Daarom moet hy hom heilig hou, omdat hy die spys van jou God offer. Hy moet heilig wees, want heilig is Ek, die HERE wat julle heilig. En as die dogter van 'n priester haar onheilig om te hoereer, onheilig sy haar vader; met vuur moet sy verbrand word." (Lev 21:8-9).

Die Here het selfs beveel dat bloedskanie met 'n vuurdood uitgeroei moet word: "En as 'n man 'n vrou en haar moeder neem, is dit 'n skandelijke daad; hulle moet hom en die twee met vuur verbrand; daar mag geen bloedskanie onder julle wees nie." (Lev 20:12).

### **Die banvloek**

In die Ou Testament het die Here beveel dat die kerk, Israel, wanneer hulle die nuwe beloofde land binnegaan, die heidene se eiendom aan die Here moet offer deur dit met vuur te verbrand. Dit is die banvloek genoem. Dit het twee betekenis gehad:

- God het daardeur sy woede vir die heidene se afgodspraktyke gewys
- God het aan die kerk gewys dat Hy eers die land vir hulle skoonbrand sodat hulle nie verlei word om die heidene se praktyke oor te neem nie: "En hy wat met die bangoed aangewys is, moet met vuur verbrand word, hy met alles wat aan hom behoort, omdat hy die verbond van die HERE oortree en 'n skanddaad in Israel begaan het." (Jos 7:15).

### **Afgodsdienaars**

Die Israelitiese koning Jerobeam het die kerk, Israel, so laat sondig teen die Here dat 'n profeet teen die altaar uitgeroep het dat daar mensebene, as straf van God, op die altaar verbrand sal word. Dit het die regverdige koning Josia dan ook etlike jare later gedoen: "Toe kom daar 'n man van God ... en hy het uitgeroep teen die altaar deur die woord van die HERE en gesê: 'Altaar, altaar, so spreek die HERE: Kyk 'n seun sal gebore word vir die huis van Dawid met die naam Josia, en hy sal op jou slag die priesters van die hoogtes wat op jou offerrook laat opgaan, en op jou sal mensebene verbrand word.'" (1 Kon 13:1-2); "En toe Josia hom om-draai, sien hy die grafte wat daar op die berge was; en hy het die bene uit die grafte laat haal en op die altaar verbrand en dit verontreinig, volgens die woord van die HERE wat verkondig is deur die man van God wat hierdie woorde uitgeroep het." (2 Kon 23:16).

### **Die aarde brand**

God maak ook bekend dat Hy die hele aarde met vuur sal verbrand. Dit is waar Hy letterlik die hele aarde met sy wraak sal tref en slegs die wat in Jesus Christus glo, sal hierdie verbranding vryspring. Dit sal in verskillende grade plaasvind, die Skrif praat van die engele wat op trompette blaas, maar uiteindelik sal die Here die oorwinning oor die onbekeerde sondaars laat blyk deur sy vuur waarmee hy die aarde verbrand: "En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand." (Openb 8:7).

### **Beendere tot kalk verbrand**

In die profeet Amos lees ons 'n merkwaardige optrede van die Here. Daar is God kwaad vir twee heidense konings. Die een het die ander een se bene tot kalk verbrand. Die Here is woedend daarvoor omdat dit geen mens toekom om die wraak van God met vuur aan die menslike liggaam te bedien nie: "So sê die HERE: Oor drie oortredings van Moab, ja oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy die been-dere van die koning van Edom tot kalk verbrand het. Daarom sal ek 'n vuur slinger in Moab, en dit sal die paleise van Kerijot verteer." (Amos 2:1-2).

### **Vuur van die Heilige Gees**

Die vuur is ook 'n beeld van die werking van die Heilige Gees, maar dan as beeld vir suiwering, verligting en ywer. Jesus Christus stort die Heilige Gees uit op die Nuwe Testamentiese kerk. Tonge soos van vuur verdeel en gaan sit bo-op die koppe van die aanwesi-ges. Daar gebeur dan ook 'n taalwonder waar die groot daad van God verkondig word. Hier beskuldig die vuur nie die mens-like liggaam nie, maar toon dit die reinigende werk van die Heilige Gees wat ook die verligting, die kennis aan die kerk gee, en ook die kerk gehoorsame ywer in God se diens gee (sien Hand 2:3).

### **Verassing – 'n opsie vir die Christen?**

En nou die vraag van die opskrif van hierdie artikel. As mens alles in ag neem wat gesê is oor die Bybelse betekenis van lykverbranding, is verassing dan nog 'n aan-vaarbare Christelik opsie? Mag ons dit doen wat God vir Homself toegeëien het – naamlik om die straf op die sonde te voltooi deur verterende vuur? God gee ons sy Heilige Gees. 'n Vuur wat in ons brand en ons tot lewende lidmate van Christus maak. God het die verterende vuur van ons, sy kinders afgewend. Hoe kan ons dan juis daardie vuur wil gebruik vir ons eie of ons geliefde se liggaam?

## **Betekenis van BEGRAWE**

In die Heilige Skrif word die verbranding van die menslike liggaam altyd in verband bring met die bediening van God se wraak. Hierdie wraaksbediening hou God vir Homself uit as alleen-reg. Daarteenoor verkondig die Woord ook die betekenis van 'n begrafnis.

### **Die Here begrawe vir Moses**

"Toe het Moses, die kneg van die HERE, daar gesterwe in die land Moab, volgens die bevel van die HERE. En Hy het hom in die dal van die land Moab, teenoor Bet-Peor, begrawe; en niemand het tot vandag toe sy graf geken nie." (Deut 34:5-6).

Moses, saam met die profeet Elia, wat jare na hom geleef het en opgevaar het sonder om te sterf of begrawe te word, neem 'n besondere plek in binne die Ou Testament. Beide verskyn saam met Jesus Christus op die berg. Saam verteenwoordig hulle die Ou Testamentiese kerk, wat genoem word Moses en die profete.

Toe die Satan op Moses se liggaam beslag wou lê, het die Here deur die aartsengel Migael die Satan bestraf:

"Maar toe Migael, die aartsengel, met die duiwel in woordstryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het net gesê: Die Here bestraf jou!" (Judas 1:9).



Dit is duidelik dat die bewaring van Moses se liggaam vir God belangrik is. Dit is omdat Hy sy kinders volledig wil red, na siel, liggaam en gees. Die feit dat God self vir Moses begrawe en die Satan keer om sy liggaam op te eis, beteken dat die dooie liggaam van 'n gelowige vir die Here belangrik is. Sy belofte is ook aan die liggaam van 'n gelowige verbind.

#### **God beveel begrafnis**

God beveel selfs dat iemand wat die doodstraf gekry het, begrawe moet word, aangesien die land, waar die erfenis van God gegee is, nie verontreinig mag word nie:

"En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik die dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die Here jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie." (Deut 21:22-23).

Daarom gaan al die dapper manne van Jabes in Gilead en gaan haal die lyk van koning Saul wat die Filistyne aan die muur van Bet-San, 'n afgodstempel vasge-slaan net. Hulle het wel die stin-kende lyk verbrand, maar daarna het hulle die bene tog begrawe:

"... en hulle het die lyk van Saul en die lyke van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal en by Jabes gekom en hulle daar ver-brand. En hulle het hulle gebeen-te geneem en onder die tamarisk in Jabes begrawe en sewe dae lank geween." (1 Sam 31:12-13)

#### **Bêre die bene**

Die feit dat die Ou Testamentiese kerk reeds van vroeg af hulle dooies begrawe het, is nie maar 'n bloot kulturele handeling nie. Hulle het besef dat God se belof-tes aan die beloofde land, en daarom God se beloftes oor die beloofde Messias, Jesus Christus, ook baie nou gekoppel is aan die liggame van die gelowiges.

Die Here self profeteer oor Abraham dat hy begrawe sal word: "Maar jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word." (Gen 15:15). Abraham is dan ook begrawe in die grot van Magpéla: "En sy seuns Isak en Ismael het hom begrawe in die spelonk van

Magpéla, in die stuk grond van Efron, die seun van Sofar, die Hetiet, wat oos van Mamre lê." (Gen 25:9).

Selfs Josef, wat in Egipte gesterf het, is gebalsem en in 'n kis begrawe. Hy laat sy seuns egter 'n merkwaardige belofte aflê oor sy beendere:

"En Josef het die seuns van Israel laat sweer en het gesê: As God sekerlik op julle ag gee – bring dan my gebeente hiervandaan op. En Josef het gesterwe honderd-en-tien jaar oud. En hulle het hom gebalsem, en hy is in 'n kis gesit in Egipte." (Gen 50:25-26).

Vierhonderd jaar later neem hulle dan ook sy bene, wat al die jare in die graf gebêre was, saam, aangesien die beloftes van God, wat in Jesus Christus vervul word, ook aan ons liggame gebind word.

### **Begrafnis wag vir beloftes**

Wat jy met jou liggaam doen, is belangrik vir God. Hy kyk of jy glo dat sy beloftes van 'n hoop-volle toekoms ook vir jou belangrik is. Josef het geglo in God se belofte, daarom het hy hom laat begrawe en gevra dat sy bene saamgeneem word:

"En Moses het die gebeente van Josef met hom saamgeneem; want hy het die kinders van Israel plegtig laat sweer en gesê: God sal sekerlik op julle ag gee; bring dan my gebeente saam met julle hiervandaan op." (Ex 13:19). Deur 'n begrafnis getuig 'n gelowige dat daar opstanding wag wat in Christus vir hom of haar liggaamlik belowe is.

### **Wag vir die opstanding**

Dit is dan ook wat die dood, begrafnis en opstanding van Jesus Christus verkondig. Deur die begrafnis word aangetoon dat Hy werklik dood was, maar deur die opstanding word getoon dat die dood Hom nie kon vashou nie. Begrafnis is dus die gelowige se manier om aan te toon dat hy op 'n opstanding wag, wat vir hom deur die opstanding van Jesus Christus 'n werklike moontlikheid geword het.

Nie net die lewende liggaam is

die tempel nie, maar die dooie liggaam moet ook begrawe word om te wag op die opstanding, want dit is dieselfde liggaam wat sal opstaan in heerlijkheid. Daarin het Christus die gelowiges voor-gegaan. Die dooie liggaam, wat begrawe is, is ook bedoel om steeds deel te wees van die liggaam van Christus:

"En God het die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie?" (1 Kor 6:14-15).

Wie die dooie liggaam verbrand, slinger vuur na Christus self. Dit terwyl Christus die vuur van die hel verduur het, sodat die liggaam nie die helse vuurpyn en verderf hoef deur te gaan nie.

### **Menslike liggaam is nie 'n oorskot nie**

Die Here openbaar dat die lig-gaam van die mens vir Hom anders in waarde is as byvoorbeeld die liggame van diere. Die mens is nie 'n denkende dier nie: "Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee, en die van visse anders as die van voëls." (1 Kor 15:39). Hier word nie soseer net biologiese verskille bedoel nie, maar ook dat die menslike liggaam deur sy bloed die draer van die siel is. Wat by die diere ook

voorkom, maar wat by die mens iets bykomends is, is naamlik dat die mens die asem van die lewe in sy neusgate het. Daardeur is die mens na die beeld en die gelykenis van God geskape.

### **Tempelbrand**

God openbaar ook dat die mens se liggaam en gees God se tempel is. Die gelowiges wat met die Heilige Gees deur Jesus Christus gedoop is, is die tempel van God. God woon letterlik in hulle liggame. God se bedoeling is nie dat dit 'n tydelike bewoning moet wees nie. Al skeur die dood die liggaam en gees van die mens uitmekaar, is die liggaam ook deel van die tempel-wees van God. Daarom geld die waarskuwing ook dooie liggame as God sê Hy sal skend wie sy tempel skend. Die Here stel dat die liggaam vir Hóm daar is: "En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam." (1 Kor 6:13). God bind Homself ook aan die liggame van gelowiges, waar-op Hy as Skepper ook volle reg het, en waarin Hy as Vader ook deur sy Heilige Gees wil woon.

### **Geestelike liggaam soos 'n koringkorrel gesaai**

Die apostel Paulus verkondig ook dat daar 'n verheerlikte liggaam wag vir die gelowiges na die opstanding. Hierdie verheerlikte liggaam is dieselfde as wat ons nou het, maar sonder die effek van die sonde of sonder die moontlikheid dat die dood weer die liggaam kan beskadig. Die apostel gebruik dan ook die beeld van 'n koringkorrel wat gesaai word (1 Kor 15:35-38). Soos wat die korrel eers doodgaan in die grond, so ontkiem daar 'n saadjie uit dieselfde korrel, en word die dooie korrel 'n lewende koring-plant met koringare. So is daar 'n verband tussen die liggaam wat ons nou het, voor die graf en die dood, en die liggaam wat ons sal ontvang by die opstanding. Dit is dieselfde liggaam, maar heeltemal anders. Daarom mag die liggaam nie verbrand word nie. Die ver-branding van die liggaam is die bediening van die oordeel van God oor die liggaam. Dit kom geen mens toe om daardie oordeel aan 'n ander mens se liggaam te bedien nie. Dit is slegs Jesus Christus wat dit by die oordeelsdag aan sy vyande mag doen. Dit kom alleen God toe.

As jy die belofte glo dat jou eie liggaam dieselfde een sal wees wat sal deel in die heerlijkheid van Christus, maak dit nie sin nie, intendeel, beledig dit God, as jy die wraak-simboliek aan die liggaam toeberei. Eerder moet die liggaam begrawe word in afwagting van die opstanding. Die verganklike liggaam word onderskei van die geestelike liggaam:

"So is die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlijkheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam." (1 Kor 15:42-46).

### **Liggaamlik in die hel**

Ook die ongelowiges sal hulle liggame terugontvang om dan ook liggaamlik in die poel van vuur te ly: "Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swael brand" (Openb 19:20); "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, som-mige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid vir ewig afgryslig." (Dan 12:2).

Die begrafnis is dus 'n daad van geloof en vaste vertrouwe op God se beloftes in Christus en nie troostelose vernietiging van 'n uitgediende oorskot nie.

# REFORMASIE van begrafnis

God wil hê ons moet ons geliefdes begrawe, eerder as veras. Daar is verskillende gebruike wat in stand gehou word by die graf en begraafplaas, dikwels sonder dat dié wat dit doen, weet hoekom hulle dit doen.

## **"Stof is jy..."**

Daar word grond op die kis gegooi met die woorde: "stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Hierdie woorde is egter 'n vloek wat die Here in Genesis 3:19 uitgespreek het en behoort glad nie by 'n gelowige se begrafnis herhaal te word nie, aangesien die gelowige in Christus verlos is van daardie vloek.

## **Blomme**

Daar word gedroogde blomblare of vars blomme of byvoorbeeld een roos in die graf gegooi. Dikwels gebeur dit as blyk van laaste eer of as finale afskeid. 'n Mens moet egter versigtig wees dat dit nie verstaan word as dat die dood mooier gemaak word as wat dit is nie. Die dood is 'n skeur in die lewe in – slegs in Christus se opstanding is daar troos te vind.

## **Koringkorrels**

Dit sal 'n meer Skrifgetroue gebruik wees om koring-korrels, of enige ander saad, op die kis te gooi, aangesien Paulus deur daardie beeld die verband tussen die dood en die opstanding verduidelik.

## **"Ek glo in God..."**

Dit is baie belangrik dat by die graf die geloofsbe-lydenis gedoen word, en dat ook daar die Woord geles en gebid word. Die aandag moet deurentyd op Jesus Christus val, en daarom is lyksredes, waar die deugde van die afgestorwene voorgehou word, steurend ten opsigte van die troos van Christus.

## **Die Woord alleen**

Of 'n mens eers die Woord aanhoor en dan graf toe gaan, of andersom, is sekerlik nie so van belang nie. Die Here wil deur sy Woord en Gees regdeur die begrafnis die troos van Christus se opstanding laat verkondig vir dié wat in Hom glo.

## **Begrafnisbrief**

Dit is gebruikelik dat daar 'n begrafnisbrief voorgelees word. Tog is dit dikwels die geval dat die bewoording onpersoonlik en selfs onvanpas uit 'n voorbeeld wat die begrafnisondernemer voorsien, bloot oorgeskryf word. Menige kere kom daar bewoordings voor wat nie rym met die troos van die opstanding in Christus nie of woorde wat God se almag verdag maak of God se liefde vervlak tot 'n blote sentimentaliteit.

'n Bekende voorbeeld is dat gesê word: "God het besluit om die mooiste blom vir sy tuin te pluk." Sulke sogenaamde trooswoorde is hol en niksseg-gend, veral as 'n mens daaraan dink dat God self sê die mens is soos gras wat gou verwelk. Trooswoorde is woorde uit God se Woord. Die betrokkenes wat die begrafnisbrief moet opstel, moet hulself, en ander, deur die Woord van God laat troos en nie deur allerhande mooi klinkende menslike frases nie. Die begrafnisbrief moet getuig van geloofsvertroue in die Woord van God.



### **Kis in die kerk?**

Dikwels kom dit voor dat die kis in die kerkgebou ingebring word. Die vraag kan gevra word of daardie gebruik nie die aandag aftrek van die Woord nie. Net soos met blomme by die graf, behoort Christene te waak om nie die dood te probeer blink maak deur die glans van 'n duur kis nie. Die Here Jesus self het gesê: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe." (Matt 8:20). Dit het Hy gesê met die oog op dissipel-skap en die opoffering daarvan. Die bedoeling is nie dat 'n mens nie die dooie liggaam moet versorg en met liefde begrawe nie, maar, gemeet teen die volg van die lewende Jesus Christus in die geloof, bedoel God dat die klem by die lewendes moet val en nie by die dooies nie.

### **Te duur kiste**

Dit is ook hartseer dat begrafnisse dikwels onnodig duisende rande kos, aangesien mense òf onkundig is òf skuldig voel oor wat hulle nagelaat het om te doen. Arm mense en ryk mense sterf op een en dieselfde manier – dit help niks om met geld daardie feit te probeer wegsteek nie. Dit is belangrik dat 'n mens met Jesus Christus gelewe en gestrewe het, dit leer die Here Jesus ons met die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk 16:19-31).

### **Draers**

Die draers is gewoonlik mense wat naby aan die persoon was wat gesterf het. Tog is dit belangrik om te onthou dat die familie die persoon begrawe en daar moet gewaak word daarteen dat die begrafnis-ondernemer 'n seremonie van die begrafnis maak. God se Woord staan sentraal, en alles moet daar-volgens bepaal word. Formele seremonies kan afbreuk doen aan hierdie uitgangspunt.

### **Kleredrag**

Deesdae is dit nie meer so gebruiklik om met sekere klere en kleure aan te dui dat die dood in die huis is nie. Die vinnige samelewing, wat dikwels maar min omgee en min tyd vir sy medemens het, wil nie gedurig herinner word daaraan dat iemand in rou is nie. Tog is die Skrif vol daarvan dat die dood rou veroorsaak. Rou wat in Christus genees kan word. Dit hoef nie noodwendig met klere uitgespel te word nie, maar 'n mens moet onthou dat 'n begrafnis langer is as die paar uur wat dit neem om iemand in die graf te sit. Daarom moet die kerk liefdevol en geduldig bly optree teenoor diegene wat rou. Om dié rede is die Here ook baie skerp in sy eise dat byvoor-beeld goed na die weduwees en wese gekyk moet word.

### **Hoe om te huil**

Om 'n begrafnis by te woon, beteken ook dat jy iemand se rou sal help dra in die maande en jare wat daarna kom. So beveel God ons om te huil saam met dié wat huil. Dit het dus ten eerste te doen met mense wat getroos moet word en nie of jy die afge-storwene goed geken het nie. God sê dat ons ons met Christus moet beklee. Ons moet dus ook sy barmhartigheid aantrek en vir ander mense omgee wat vol rou by 'n oop graf staan.

Die Here wil sy kinders se trane afdroog. Laat ons aan die begrafnispraktyke vashou, omdat ons die beloftes van God in Jesus Christus ken. Die eerste dinge gaan verby: "En God sal die trane ... afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." (Openb 21:4).

*Dr ALA (Wikus) Buys is predikant van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord; tans Direkteur Navorsing by AROS, Pretoria.*